


# Gebaai in kalmte terwyl storms woed

**Ná ’n naweek van deurdringende reën oor groot dele van die Noord-Kaap, sak die son in rooigoud oor ’n skoongewaste stuk aarde buite Kimberley. Elders in die wêreld is reddingswerkers in Turkye en Sirië onverpoos besig om oorlewendes in puin te soek ná erge aardbewings. Die dodetal is reeds hoër as 37 000. In Australië en Chili woed bosbrande, en in Nieu-Seeland berei inwoners hulle vir sikloon Gabrielle voor, wat na verwagting verwoesting gaan saai. Duisende huishoudings is reeds sonder elektrisiteit, met winde in die noorde van die land van tot 140 km per uur.** FOTO: HELENA BARNARD

Hoofartikel

# Natuurrampe nie altyd net natuurlik

**Vulkaniese uitbarstings. Aardbewings. Orkane. Tornado’s. Vloede. Droogtes. Tsoenami’s. Rotsstortings. Sneeustorms.**

Kom natuurrampe ter sprake, slaak ons in Afrika soms ’n sug van verligting.

Talle van dié rampe is ons gespaar; en vind van dit wel hier plaas, is dit “matig” in vergelyking met wat in ander wêrelddele beleef word.

Die aardbewings wat Turkye en Sirië meer as ’n week gelede getref het, het meer as 37 000 lewens geëis, en die getal styg steeds. Hierna sit ons vasgenael voor skerms en kyk en ons blaai deur foto’s van ander se smart. Waarskynlik met ’n gevoel van dankie-tog-dis-nie-ons-nie.

Oor een van die mees onlangse “groot” tsoenami’s, wat in Desember 2004 in die Indiese Oseaan plaasgevind, is rolprente gemaak.

Dié tsoenami het duisende inwoners en vakansiegangers van en na onder meer Indonesië, Sri Lanka, Indië, die Maldive-eilande en Thailand getref.

Meer as 225 000 mense is in die ramp dood en talle vermistes is nooit gevind nie.

Verskeie debatte vind in akademiese en wetenskaplike kringe plaas oor of natuurrampe werklik natuurlik is.

Hoewel kragte van geofisika, geografie en klimatologie altyd by rampe betrokke is, is daar geleerdes wat sê dat alle natuurrampe inderwaarheid mensgemaak is.

Dit is die besluite wat die mensdom neem wat rampe veroorsaak, word op die webwerf reliefweb.int, van die Office for the Coordination of Humanitarian Affairs, geskryf. Die natuur bied wel gevaarsones, maar dit is die mens se invloed wat dit in rampe verander.

Ná die onlangse redelike hewige reën in Kimberley en omstreke het ’n onbeduidende klein deeltjie hiervan duidelik geword toe reënwater huise oorstroom het. Die reënwater kon nie wegspoel nie weens die hope rommel wat die einste inwoners argeloos neergooi en wat die stormwaterpype verstop.

Juweeltjie

## bederfbedryf

Sinoniem: pamperlangbedryf

■ ’n Bedryf wat hom toespits op die lewering van bederfdienste en bederfprodukte, wat vir kliënte en klante iets spesiaals doen, of wat koopware aanbied wat aan die koper of ontvanger genot verskaf.

**– Bron: pharosaanlyn.co.za. PharosAanlyn is ’n portaal met algemene en vakwoordeboeke.**

**Hou jou selfoon se kamera oor dié blokkie om *NoordkaapBulletin* te lees. Lees elke week die nuutste koerant as ’n e-publikasie by streeksnuus. netwerk24.com en volg die Facebook-blad NoordkaapBulletin vir daaglikse plasings.**

Twyfelhoekie

# Wens vir soete slaap omvat groot seën

HANNES NOËTH

**Ons, as mense, kan mekaar mos maklik iets toewens.**

Soms sommer net ’n vinnige slegte woord wat uitglip; ander kere mooier, meer deurdagte wense: ’n geseënde dag, of op ons verjaardag – mag dit geseënd wees.

Jare gelede het ek ’n jong mamma leer ken: toegewyd in haar moederskap, gefokus op haar rol en besig in haar alledaagse lewe om die pot aan die kook te hou.

Sy het die mooi gebruik gehad om haar jongeling toe te wens: Mag jy vredevol slaap.

Dit is so mooi en so opreg.

Sy het dit presies bedoel soos sy dit gesê het: Mag jy vol van vrede slaap.

Wanneer ’n mens begin dink aan alles en almal wat ’n mens se vredevolle slaap kan wegvat, besef ’n mens die mooi van haar wens. Mag daar nie iemand of iets wees wat jou hinder om vol vrede te slaap nie.

Natuurlik is om vol vrede te slaap ook ’n geloofsaak.

Jy kan nie alles beheer nie, maar jy kan vredevol slaap en ’n nuwe dag met nuwe krag aanpak.

Vra maar vir enigeen wat swak slaap en baie rondrol in die nag hoe moeilik is dit as jou vrede in die nag van jou gesteel word.

Soms wil die gedagtes net nie rustig raak nie en soms word ’n mens oorweldig deur alles wat pla.

Daarom is dit so ’n mooi wens vir iemand: Mag jy vredevol slaap.

Vol van vrede.

’n Soete nagrus is ’n groot seën.

Potpourri

# Papier nie genoeg

KARIN MULLER

**Die kollegas het in die gang gestaan en skerts.**

“Jy praat altyd van jou broer,” het een kollega opgemerk.

“Hoeveel broers het jy?”

Sy het ’n oomblik nagedink.

“Ek het twee op papier,” het sy geantwoord.

Een van die ander kollegas het fronsend genoem dat hy nie verstaan nie.

“Daar is iewers ’n papier wat sê ek en my broer is broer en suster, maar dit is eintlik ’n opsomming van die hele verhouding.

“Dit is slegs iets iewers op papier.”

Die meeste mense het waarskynlik familie wat slegs op papier familie is. Familie wat nie regtig betrokke is of omgee of energie in ’n verhouding sit nie.

Daar is iewers ’n papier wat sê hulle is familie, en vir hulle is dit genoeg.

Dit is anders met vriendskappe. ’n Vriendskap wat slegs op papier ’n vriendskap is, is glad nie ’n vriendskap nie.

Óf julle is vriende met ’n goeie of redelike goeie vriendskap. Óf julle is glad nie vriende nie.

Familie wat meer as verwantskap op papier is, is kosbaar. Dit is gewoonlik mense wat ’n mens self as familie sou kies.

Hulle voeg waarde tot jou lewe toe. Hulle is daar wanneer jy hulle nodig het. Hulle aanvaar jou vir wie jy is.

Vriende het nie so ’n papier nodig nie.

Diegene wat familie slegs op papier het, julle is nie die uitsondering nie. Die meeste mense het waarskynlik iewers familielede wat slegs familie op papier is.

Kameeldoring

# Meteens, vrede

CHARNÉ KEMP

**Yesterday’s the past, tomorrow’s the future, but today is a gift. That’s why it’s called the present. – Bil Keane**

Daardie dag het soos enige ander begin. Die gewone roetine (waarvan ’n mens kort-kort moet wegbreek): opstaan, eet, werk en kosmaak. Die regskuif voor die beeldradio om gunstelingprogramme te kyk. Die beeldradio is gewoonlik nukkerig, asof dit nie lus is om aangeskakel te word nie. Dit hou meer van ’n heeltydse toestand van rus.

As ’n mens nou daaraan dink, het dit eintlik altyd teengeskop. Dit kon nooit die misdaadprogramme waarop sy mense ingeskakel was, verduur nie. Al die bloed, wraak, belustigheid en duiwelse begeertes was te erg vir die beeldradio se sensitiewe siel.

Vir die beeldradio was daardie dag ’n jubelende gebeurtenis: die dag toe sy bose tweeling, die dekodeerder, sy laaste asem uitblaas. Nie net is die beeldradio se siel verlos nie, maar sy mense s’n ook.

Hy kan nou net besielende reisprogramme of musiekkonserte van YouTube stroom. Sy mense het ook hul tyd teruggekry. Tyd om saans kos te berei met geure wat tydsaam ontwikkel.

Stoepsit en uitkyk oor die tuin waar die lysters vlerksleep, die tiptolle soos wafferse vegvlieëniers deur die lug klief, byvreters in vaart kleurige vere vertoon. Die honde kan elkeen met ’n ekstra kopkrap bederf word. Die swembad kry ’n borsel en groente word geplant.

Die mense gaan slaap nie meer met ingebrande flitsende rasende elektroniese beelde nie, maar met rustige vrede.

CENTRAAL24

NOORDKAAP BULLETIN

**REDAKTEUR / EDITOR**
Helena Barnard helena.barnard@media24.com
**MEDEWERKER / EDITORIAL MEMBER**
Charné Kemp charne.kemp.writer@gmail.com
**ADVERTENSIES / ADVERTISEMENTS**
Natasha Ingram natasha.ingram@media24.com 082 567 3883

**BETREKKINGS / VACANCIES**
Noleen Petersen noleen.petersen@media24.com 051 404 7813
**REGSKENNISGEWINGS / LEGAL NOTICES**
noordkaapbulletinlegals@media24.com 051 404 7600
**GEKLASSIFISEERD / CLASSIFIEDS**
noordkaapbulletinadverts@media24.com 051 404 7600

**OMBUDSMAN**
Kontak NoordkaapBulletin se ombudsman oor klagtes: Stuur alle klagtes, navrae of voorstelle oor die inhoud van die koerant aan ons ombudsman, George Claassen, by 021-851-3232 of na george.claassen@media24.com. Geen redaksionele materiaal of advertensie mag gereproduseer word sonder die toestemming van Media24 nie (artikel 12(7), Wet op Kopiereg 1978).



**PERSRAAD**
Ons onderskryf die Etiese Kode van die Suid-Afrikaanse Druk- en Aanlynmedia, wat ons verbind om joernalistiek te beoefen wat gegrond is op die waarheid, wat akkuraat, regverdig, gebalanseerd is, en onafhanklik ingesamel is.